http://lexikos.journals.ac.za

# 'n Woord van AFRILEX

Wanneer 'n mens oor die aktiwiteite en suksesse van die African Association for Lexicography (AFRILEX) nadink, besef jy dat die vereniging dit regkry om op 'n baie hoë vlak te funksioneer, dit ten spyte van erge beperkinge betreffende finansies, tyd en menslike hulpbronne.

AFRILEX hou sy jaarlikse internasionale konferensies op uitnodiging by tersiêre of leksikografiese instansies. Dit bied ook seminare en slypskole aan. 'n Mens sou met veiligheid kon beweer dat AFRILEX dit kon regkry om die afgelope elf jaar hoë standaarde te handhaaf ten opsigte van leksikografiese en terminologiese ontwikkeling in Suid-Afrika en op die Afrikakontinent. Geen vakvereniging of instansie kan egter sonder lede voortbestaan nie. AFRILEX kort hierdie onmisbare komponent. Die ledetal is besig om vinnig af te neem, 'n toestand wat dringend aandag verdien.

Die AFRILEX-raad het besluit daar moet 'n georganiseerde poging wees om meer lede te werf. Daar is dus ooreengekom dat elke raadslid sal probeer om die vereniging by konferensies, seminare en soortgelyke geleenthede te bemark deur pamflette aan belangstellendes te gee. AFRILEX-lede kan ook aan hierdie ledewerwing deelneem. Pamflette is by raadslede verkrygbaar.

Elke AFRILEX-lid ontvang 'n kopie van *Lexikos* as deel van sy/haar ledegeld. *Lexikos* is die amptelike mondstuk van AFRILEX. Dit is nie net belangrik vir die vereniging om 'n geakkrediteerde tydskrif te hê waarin lede die resultate van hul navorsing kan publiseer nie, maar dit is ook belangrik dat elke lid die tydskrif ontvang om op hoogte te bly van leksikografiese ontwikkelinge. Dit kos egter baie harde werk, toewyding en fondse om *Lexikos* uit te gee. Sonder genoegsame befondsing is dit nie moontlik om die tydskrif aan AFRILEX-lede beskikbaar te stel nie. Die ledegeld dek nie die koste nie. Meer lede is nodig om *Lexikos* te help borg.

Die AFRILEX-raad wil graag alle lede aanspoor om belanghebbendes (bv. taalpraktisyns soos leksikograwe, terminoloë, vertalers, redigeerders, tolke, joernaliste en studente) uit te nooi om lede van AFRILEX te word. Ons behoort te begin om inligting oor ons organisasie, ons vereniging, ons tydskrif en ons beroep te deel en daardeur mense te motiveer om lede van AFRILEX te word.

Vriendelike AFRILEX-groete

Dr. Mariëtta Alberts
President: AFRILEX
PanSAT, Privaat sak X08, ARCADIA 0007
Tel: +27 (0)12 341 9638 Faks: +27 (0)12 341 5938
E-pos: marietta@pansalb.org.za
AFRILEX-tuisblad: <http://afrilex.africanlanguages.com>

http://lexikos.journals.ac.za

# A Few Words from AFRILEX

Upon reflecting on the activities and achievements of the African Association for Lexicography (AFRILEX), one realises that the Association manages to operate on a very high level, this despite severe constraints regarding finances, time and human resources.

AFRILEX holds its annual international conferences by invitation at tertiary or lexicographic institutions. It also conducts seminars and workshops. One could safely say that AFRILEX managed to set good standards in the past eleven years regarding lexicography and terminology development in South Africa and on the African continent. However, no association or institution can exist without members. AFRILEX lacks this vital component. Its membership is declining rapidly, a situation which is to be addressed urgently.

The AFRILEX Board decided there should be an organized effort to enlist more members. It was therefore agreed that each Board member should try to promote the Association at conferences, seminars and similar gatherings by handing AFRILEX flyers to those interested. AFRILEX members could also contribute to the membership drive. Flyers are available from Board members.

Every AFRILEX member receives a copy of *Lexikos* as part of his/her membership fees. *Lexikos* is the official mouthpiece of AFRILEX. It is not only important for the Association to have an accredited journal in which its members can publish the results of their research, but it is also important for each member to receive the journal to stay ahead with lexicographical developments. However, it takes much hard work, dedication and funding to produce *Lexikos*. Without adequate funding it is not possible to make the journal available to AFRILEX members. The membership fees do not cover the expenses. More members are necessary to assist sponsoring *Lexikos*.

The AFRILEX Board would like to urge all members to invite stakeholders (e.g. language practitioners such as lexicographers, terminologists, translators, editors, interpreters, journalists and students) to become members of AFRILEX. We should start sharing information about our organization, our association, our journal and our profession and by doing so motivate people to become members of AFRILEX.

Kind AFRILEX regards

Dr Mariëtta Alberts
President: AFRILEX
PanSALB, Private Bag X08, ARCADIA 0007
Tel: +27 (0)12 341 9638     Fax: +27 (0)12 341 5938
Email: marietta@pansalb.org.za
AFRILEX home page: <http://afrilex.africanlanguages.com>